# Volks Konsilie 18-20  April -Vryburg

## Jesaja 43:20b

**...want Ek gee waters in die woestyn, riviere in die wildernis om my volk, my uitverkorene, te laat drink.**



Ek lees die hele hoofstuk om meer perspektief te gee, en om van Vader se almag te getuig.

Isa 43:1  Maar nou, so sê die YHWH, jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!

Isa 43:2  As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere—hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie.

**Dit laat my dink aan 'n pappa wat oor sy klein kleuter waak en hom met liefde, sorg en n wakende oog beskerm en veilig hou en Koester.**

Isa 43:3  Want Ek is YHWH, jou Elohim, die Heilige van Israel, jou Heiland; Ek het Egipte gegee as losprys vir jou, Kus en Seba in jou plek.

Isa 43:4  Omdat jy kostelik is in my oë, hooggeag is, en Ek jou liefhet, daarom gee Ek mense in jou plek en volke vir jou lewe.

**Ons verlosser het ook die folterpaal en marteling deurgegaan om ons los te koop van die sondeskuld. Ons bly egter afdwaal en Hy verwag gehoorsaamheid van die wat Hom liefhet.**

Isa 43:5  Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; Ek sal jou geslag van die ooste af aanbring en jou versamel van die weste af.

Isa 43:6  Ek sal sê aan die noorde: Gee! en aan die suide: Hou nie terug nie! Bring my seuns van ver, en my dogters van die einde van die aarde af,

Isa 43:7  elkeen wat na my Naam genoem is en wat Ek geskape het tot my eer, wat Ek geformeer, wat Ek ook gemaak het.

**Hier sien ons weereens hoe die vertrooide 12 stamme versamel word om as een volk, die bruid van ons Koning, saam te kom**

Isa 43:8  Bring uit die volk wat blind is en tog oë het, en die dowes wat ore het.
Isa 43:9  Al die nasies het saam vergader, en die volke is versamel. Wie onder hulle kan sulke dinge verkondig? En laat hulle ons die vorige dinge bekend maak! Laat hulle hul getuies bring, dat hulle in die gelyk gestel kan word; en laat hulle hoor en sê: Dit is die waarheid!
Isa 43:10  Júlle is my getuies, spreek YHWH, en my kneg wat Ek uitverkies het, sodat julle kan weet en My kan glo en insien dat dit Ek is—voor My is geen Elohim geformeer nie, en ná My sal daar geeneen wees nie.
Isa 43:11  Ek, Ek is YHWH, en daar is geen Heiland buiten My nie.
Isa 43:12  Ék het verkondig en verlos en dit laat hoor, en daar was geen ander Elohim onder julle nie; en julle is my getuies, spreek YHWH, en Ek is Elohim.
Isa 43:13  Ook van vandag af is Ek dit, en niemand red uit my hand nie; Ek werk, en wie kan dit keer?
Isa 43:14  So sê YHWH, jou Losser, die Heilige van Israel: Om julle ontwil het Ek na Babel gestuur, en Ek sal hulle almal as vlugtelinge laat afdaal, naamlik die Chaldeërs, in die skepe waarop hulle gejuig het.
Isa 43:15  Ek is YHWH, julle Heilige; die Skepper van Israel, julle Koning.
Isa 43:16  So sê YHWH wat in die see 'n weg en in die sterk waters 'n pad gemaak het,
Isa 43:17  wat waens en perde, leërmag en held laat uittrek het; tesame lê hulle, hulle sal nie opstaan nie; hulle is uitgeblus, soos 'n lamppit uitgedoof.
Isa 43:18  Dink nie aan die vorige dinge nie, en slaan geen ag op wat vroeër gebeur het nie.
Isa 43:19  Kyk, Ek gaan iets nuuts maak; nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie merk nie? Ja, Ek maak 'n pad in die woestyn, riviere in die wildernis.

**Ons Koning bou dus vir ons 'n weg, sodat ons nie sal struikel in hierdie wildernis nie.**

**In Joh 14:6 staan:  Yahusha antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.**

Jes 51: 3 Want YHWH vertroos Sion; Hy vertroos al sy puinhope en maak sy woestyn soos Eden en sy wildernis soos die tuin van YHWH; vreugde en blydskap sal daarin gevind word, danksegging en die klank van liedere.

Isa 43:20  Die wilde diere van die veld sal My eer, die jakkalse en die volstruise; want Ek gee waters in die woestyn, riviere in die wildernis om my volk, my uitverkorene, te laat drink.

**Toe daar geen reën of dou was in Elia se tyd nie, Het Vader die kraaie gestuur om vir Elia brood en vleis soggend saans te bring, en hom laat water drink uit 'n spruit, sodat hy kon lewe.**
**daarna gaan hy deur YHWH se bevel na 'n weduwee wat hom sal onderhou, maar sy het net genoeg meel een olie gehad vir n klein stukkie brood vir haar en haar seun. Elia sê toe vir haar:**

1Ki 17:14  Want so sê YHWH, die Elohim van Israel: Die meel in die pot sal nie opraak en die olie in die kruik sal nie minder word nie, tot op die dag dat YHWH reën op die aarde sal gee.
1Ki 17:15  En sy het gegaan en gehandel volgens die woord van Elía; en sy het geëet—sy en hy en haar gesin dae lank:

1Ki 17:16 die meel in die pot het nie opgeraak en die olie in die kruik nie minder geword nie, volgens die woord van YHWH wat Hy deur die diens van Elía gespreek het.

**Die 12 stamme is ook 'n weduwee want hul Bruidegom het gesterf op die folterpaal, maar Hy leef want Hy het opgestaan na Sy foltering en Lossingsdaad, en berei ons voor vir die Bruilof en Vader sal weer n wonderwerk bring sodat die weduwee se olie en meel nie opraak wanneer daar pes, oorlog, hongersnood en siekte orals anders is nie.**

Isa 43:21 Die volk wat Ek vir My geformeer het, hulle sal my lof verkondig.

**Toe die Israeliete vir 40 jaar in die woestyn rondgetrek het, was hul deur die wolk en vuurkolom gelei en beskerm, en was daar vir hul manna en kwartels gegee as voedsel. so ook het daar water uit die klip gevloei wat Moses met sy staf geslaan het.**

**Daar was egter wederstrewiges onder die volk wat eerder wou terugkeer na die vleispotte van Egipte, en ook nie die reuse van Kanaan wou aanvat nie, a.g.v. hul ongelowigheid. Ons sal ook soos hulle deur 'n smeltkroes en sifting moet gaan Vader ons weer vry maak en ons Koning, soos die wolk en vuurkolom, onder ons kom woon soos Sefanja van spreek. So 'n gelouterde volk sal Hom eenparig dien, en Hy sal ons Koning wees.**

Zep 3:9 Want dan sal Ek aan die volke rein lippe toebring, sodat hulle almal die Naam van YHWH sal aanroep en Hom met 'n eenparige skouer sal dien.
Zep 3:10 Oorkant die riviere van Kus vandaan sal my aanbidders, my verstrooide gemeente, my offerande bring.
Zep 3:11 Op dié dag hoef jy jou nie te skaam weens al jou dade waarmee jy teen My oortree het nie; want dan sal Ek uit jou midde wegruim die wat in jou oormoedig jubel, en jy sal jou nooit hoogmoedig gedra op my heilige berg nie.
Zep 3:12 En Ek sal tussen jou in laat oorbly 'n ellendige en geringe volk wat by die Naam van YHWH skuiling soek.
Zep 3:13 Die oorblyfsel van Israel sal geen onreg doen en geen leuentaal spreek nie, en in hulle mond sal geen bedrieglike tong gevind word nie; maar hulle sal wei en neerlê, en niemand sal hulle verskrik nie.

Exo 13:21 En YHWH het voor hulle uitgetrek, bedags in 'n wolkkolom om hulle op die pad te lei, en snags in 'n vuurkolom om hulle voor te lig, sodat hulle dag en nag kon trek.
Exo 13:22 Die wolkkolom het nie bedags en die vuurkolom nie snags voor die volk gewyk nie.

Neh 9:11 En die see het U voor hulle geklowe, sodat hulle op droë grond dwarsdeur die see getrek het; maar hulle vervolgers het U in die kolke gewerp soos 'n klip in sterk waters.
Neh 9:12 En U het hulle gelei met 'n wolkkolom bedags en met 'n vuurkolom snags om die pad vir hulle te verlig waar hulle langs moes trek.
Neh 9:13 En op die berg Sinai het U neergedaal en met hulle gespreek uit die hemel, en U het aan hulle regte verordeninge en betroubare wette, goeie insettinge en gebooie gegee.
Neh 9:14 En u heilige sabbat het U aan hulle bekend gemaak, en gebooie en insettinge en 'n wet deur

die diens van u kneg Moses hulle beveel.

**Wanneer ons in die Teokrasie is van Sefanja 3, gaan Hy weer vir ons al Sy wette, gebooie, en insettinge leer en alle verskille en en valse leringe van ons verwyder sodat ons Hom kan dien soos Hy dit bedoel het van die begin af.**

Neh 9:15 En U het hulle brood gegee uit die hemel vir hulle honger en water vir hulle uit die rots laat uitkom vir hulle dors, en aan hulle gesê om die land in besit te gaan neem waaromtrent U u hand opgehef het om hulle dit te gee.
Neh 9:16 Maar hulle, naamlik ons vaders, het vermetel gehandel en hulle nek verhard en nie na u gebooie geluister nie;
Neh 9:17 ja, hulle het geweier om te luister en nie gedink aan u wonders wat U by hulle gedoen het nie; maar hulle het hul nek verhard en in hul wederstrewigheid 'n hoof aangestel om terug te gaan na hulle slawerny. Maar U is 'n Elohim van vergewing, genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en U het hulle nie verlaat nie.
Neh 9:18 Selfs toe hulle 'n gegote kalf vir hulle gemaak en gesê het: Dit is jou gode wat jou uit Egipte laat optrek het! —en hulle groot, afskuwelike dinge gedoen het,
**Neh 9:19 het U in u grote barmhartigheid hulle tog nie verlaat in die woestyn nie; die wolkkolom het nie bedags van hulle gewyk om hulle op die pad te lei nie, en die vuurkolom ook nie snags om vir hulle die pad te verlig waar hulle langs moes trek nie.**
Neh 9:20 En u goeie Gees het U gegee om hulle te onderrig, en u manna het U nie van hulle mond teruggehou nie en aan hulle water gegee vir hulle dors.
Neh 9:21 En veertig jaar lank het U hulle onderhou in die woestyn; hulle het nie gebrek gehad nie; hulle klere het nie verslyt en hulle voete nie geswel nie.

Hierdie brood wat Hy ons gaan gee is ook die lewende brood, die waarheid, die kennis, Sy leringe en als wat ons 'n gesonde geestelike lewe sal gee, en uiteindelik die ewige lewe saam met Hom tot gevolg sal hê.

Die waters waarna die teks in **Jesaja 43:20b na verwys** kan ook metafories gesien word as mense. Die verstrooide gemeente waarvan Jacobus 1:1 melding maak. Soos in my vorige referaat na verwys het, gaan Vader se verstrooide gemeente hier in Suidelike afrika byeenkom. Die wildernes waarna die vrou geneem word in Openbaring 12 en daar veilig gehou word, is die Boererepublieke wat Vader vir ons gegee het. Twee jaar na die koms van Jan van Riebeeck het Sy dankbaarheids Gelofte die stemming en koers van ons Volk se Vryheid bepaal.

Deu 7:6 Want jy is 'n volk heilig aan YHWH jou Elohim; jou het YHWH jou Elohim uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees.
Deu 7:7 YHWH het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke.
Deu 7:8 Maar omdat YHWH julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het, het YHWH julle met 'n sterke hand uitgelei en jou uit die slawehuis, uit die hand van Farao, die koning van Egipte, verlos.
Deu 7:9 Jy moet dan weet dat YHWH jou Elohim Elohim is, die getroue Elohim wat die verbond en die

goedertierenheid hou vir die wat Hom lief het en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte.

**Hy het ons so lief dat HY ons voorouers hierheen laat trek het sodat ons n veilige hawe sal hê in die eindtyd.**

**Ons sien ook die seëninge wat Vader hier beloof in die land wat Hy vir Sy dienaars gee, die land van melk en heuning.**

Deu 32:9 Want YHWH se deel is sy volk, Jakob is sy afgemete erfdeel.
Deu 32:10 Hy het hom gevind in 'n **woestynland** en in 'n woeste wêreld, vol gehuil van die **wildernis;** Hy het hom omring, op hom ag gegee, hom bewaak soos sy oogappel.
Deu 32:11 Soos 'n arend sy nes opwek, oor sy kleintjies sweef, sy vlerke uitsprei, hulle opneem, hulle dra op sy vleuels—
Deu 32:12 YHWH alleen het hom gelei, en daar was geen vreemde Elohim by hom nie.
Deu 32:13 Hy het hom laat ry op die hoogtes van die aarde, en hy het die opbrings van die veld geëet; en Hy het hom heuning uit die rots laat suig en olie uit die klipharde rots;
Deu 32:14 dikmelk van beeste en melk van kleinvee, met die vet van lammers en ramme; stiere van Basan en bokke, met die niervet van koring; en druiwebloed het jy gedrink, skuimende wyn.

**Hierdie selfde wonderwerke en voorspoed sal hy vir ons gee in die Teokrasie tydperk.**

**Ons sien dit weereens in Josua 4 waar die klippe 'n teken is van 'n belofte of gebeurtenis**

**Ons Boervolk se soeke na Vader en Vader se erns met ons is te sien reg deur die skrif. Die volk het gou vergeet van hul voornemes en beloftes en die seëning wat hul ontvang het. Die klippe was dus 'n herinnering en toe al 'n getuie en teken van ons ooreenkoms en beloftes aan Hom. Hier is n goeie voorbeeld daarvan.**



Deu 27:2 En die dag as julle deur die Jordaan gaan in die land wat YHWH jou Elohim jou sal gee, moet jy vir jou groot klippe oprig en dit met kalk bestryk.
Deu 27:3 En jy moet as jy oortrek daarop skrywe al die woorde van hierdie wet, sodat jy kan kom in die land wat YHWH jou Elohim jou sal gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning, soos YHWH, die

Elohim van jou vaders, jou beloof het.

Jos 4:4 Toe het Josua die twaalf man geroep wat hy uit die kinders van Israel, uit elke stam een man, aangestel het,
Jos 4:5 en Josua het vir hulle gesê: Trek uit voor die ark van YHWH julle Elohim tot binne-in die Jordaan, en tel vir julle 'n klip op, elke man een op sy skouer, volgens die getal van die stamme van die kinders van Israel,
Jos 4:6 sodat dit 'n teken onder julle kan wees. As julle kinders later vra en sê: Wat beteken hierdie klippe vir julle?
Jos 4:7 moet julle vir hulle sê: Omdat die water van die Jordaan afgekeer is voor die verbondsark van YHWH by sy deurtog deur die Jordaan—die water van die Jordaan is afgekeer; daarom is hierdie klippe as 'n aandenking vir die kinders van Israel vir altyd.

**So ook het die manne by Paardekraal klippe op mekaar gepak sodat dit as teken kan dien van ons Gelofte met ons Skepper en as herinnering aan ons nageslag en ons toewyding aan hierdie ooreenkoms en Gelofte. Wanneer ons dus ons Geloftes aan Hom onderhou, sal die klippe ook getuie wees van ons ooreenkoms en Hy sal ons weer red.**

**Ons moet ook weet dat wanneer ons hierdie Teokrasie ingaan, ons Koning ook met ons sal wees en ons aanvoerder wees, net soos Hy as YHWH se leerowerste aan Josua verskyn het.**

Jos 5:13 En terwyl Josua by Jérigo was, slaan hy sy oë op en kyk, en daar staan 'n man teenoor hom met 'n ontblote swaard in sy hand; en Josua het na hom gegaan en hom gevra: Behoort U by ons of by ons vyande?
Jos 5:14 En Hy sê: Nee, maar Ek is die leërowerste van YHWH; Ek het nou gekom. Toe val Josua met sy aangesig op die grond en buig hom neer en vra Hom: Wat wil my Here aan sy dienskneg sê?
Jos 5:15 Toe sê die leërowerste van YHWH vir Josua: Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilig. En Josua het so gedoen.

**Ek noem hierdie geskiedkundige gebeurtenis omdat ek die ooreenkomste met ons eie Boervolk se geskiedenis hierin sien.**

Jos 6:3 Julle moet dan om die stad trek, al die krygsmanne; trek die stad een maal om; so moet jy doen ses dae lank.
Jos 6:4 En sewe priesters moet sewe ramshorings voor die ark dra; maar op die sewende dag moet julle die stad sewe maal omtrek; en die priesters moet op die horings blaas;
Jos 6:20 Toe skreeu die volk, en hulle het op die horings geblaas; en toe die volk die geluid van die horing hoor, het die volk 'n groot krygsgeskreeu aangehef; en die muur het op sy plek ingeval, en die volk het in die stad geklim, elkeen reg voor hom uit, en hulle het die stad ingeneem.

**Josua en sy manskappe moes vir 7 dae om Jerigo trek voor die mure ineengestort het en Vader hul die oorwinning oor die oormag Kanaäniete gegee het. voor die Slag van Bloedrivier, het die voortrekkers vir 7 dae lank die Gelofte aan Vader afgelê, waarna Hy ons die oorwinning oor 'n oormag Zoeleos gegee het sonder dat 'n enkele Voortrekker gesterf het. Dit was 'n wonderwerk deur Vader se**

**beskerming en sekerlik Het Hy sy Engel gestuur, net soos Hy Sy Leerowerste aan Josua laat verskyn het, net voor Josua vir Jerigo beleer het.**

**Net soos wat Vader die Israeliete deur die woenstyn beskerm het en aan hul die oorwinning gegee het, kos voorsien het, water vir hul dors gegee het, so ook het Hy ons voorvaders beskerm deur hul ontvlugting uit Europa, deur die groot trek, en by Bloedrivier en Majuba die oorwinning gegee sodat ons vandag nog hier is en binnekort in hierdie wildernis, weer onder Sy Arendsvlerke beskerming sal geniet, waters van rus en voorspoed sal geniet, sodat ons n volk heilig aan Hom kan wees, sodat ons afgesonderd en rein kan wees, soos dit Sy Bruid betaam.**

Sef 3:15 YHWH het jou oordele opgehef, jou vyand weggeveeg; die koning van Israel, YHWH is by jou, jy sal geen kwaad meer vrees nie.
Zep 3:16 In dié dag sal aan Jerusalem gesê word: Vrees nie, o Sion, laat jou hande nie slap hang nie!
Zep 3:17 YHWH jou Elohim is by jou, 'n held wat verlossing skenk. Hy verheug Hom oor jou met blydskap; Hy swyg in sy liefde; Hy juig oor jou met gejubel.
Zep 3:18 Die wat bedroef is, ver weg van die fees, versamel Ek; hulle hoort by jou, die smaad druk swaar op hulle.

Mat 6:25 Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe—wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam—wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie?
Mat 6:26 Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?
Mat 6:27 Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg?
Mat 6:28 En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie;
Mat 6:29 en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos een van hulle nie.
Mat 6:30 As Elohim dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges?
Mat 6:31 Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie?
Mat 6:32 Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het.
Mat 6:33 Maar soek eers die koninkryk van Elohim en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

Laat Sy Koninkryk kom.

HalleluYah

Conrad van Niekerk